STELLENBERG PINKSTER

Dinsdag 26 Mei 2020

Ek glo aan ‘n heilige algemene Christelike kerk.
Die gemeenskap in Antiogië



Goeie dag – welkom by ons derde Pinkster geleentheid op Dinsdag 26 Mei. Ons tema vandag is: Ek glo aan ‘n heilige, algemene Christelike kerk.
Ons reis vandag van Jerusalem op die antieke Romeinse pad, die *via Maris* (weg van die see) tot by die eerste gelowiges in Antiogië.

Ek het genoem dat wanneer ons die eerste gelowige gemeenskappe wat na die uitstorting van die Heilige Gees ontstaan het besoek jy die volgende opmerk:

1. **Die vrug van die Gees**. Die werking van die Heilige Gees was nie ‘n godsdienstige gedagte wat apart gestaan het van daaglikse realiteite waarmee hulle te doen gekry het nie. Die Heilige Gees het hulle lewens op ‘n praktiese manier geraak. Die vrug van die Gees in Galasiërs 5:22 is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (hulle is almal response).
2. **Wat moet ek nou doen?** Alhoewel hulle geweet het dat God se Gees by hulle is, het hulle telkens weer voor die vraag te staan gekom: Wat moet ons nou doen? Dit is nie ‘n weerspieël van ons ongeloof nie, eerder ons geloof dat ons opnuut in veranderende omstandighede op nuwe maniere deur God gelei word.
3. **Onverwagte uitkomste**. Die Heilige Gees het hulle na plekke, mense en uitkomste gelei wat hulle nooit voorsien het nie. Die gemeente in Jerusalem het slegs 40 jaar bestaan. Na die vernietiging van Jerusalem in 70 nC vlug hulle uit die stad en verdwyn uit die geskiedenis boeke ...

GEBED

Here, in hierdie grendeltyd is ons gedagtes oorspoel deur dinge wat verkeerd loop. Ons is bewus van emosies van onsekerheid, kommer en vrees. Vandag wil ons egter met ‘n lied in ons hart leef en opreg dankie sê. Dankie vir hierdie dag wat ons mag beleef. Ons omstandighede mag baie van mekaar verskil, maar ons beleef in hierdie tyd gemeenskaplik saam die natuur om ons. Dit maak ons opnuut bewus van die nodigheid dat dit herstel en inspireer ons om op eenvoudiger maniere te leef. Dankie vir die tye wat sommige van ons kan beleef met mekaar in ons huise. Dankie vir die omgee en sorg wat ons beleef. In die besonder mense wat in hierdie tyd alleen is en die wyse waarop ander na hulle uitreik. Ons bid vir mense wat spanning en bekommernis beleef. Maak ons oë oop Here sodat ons kan sien wat nodig is en wat ons vandag kan doen.

AMEN

Die ontstaan van die eerste gelowiges in Antiogië het te doen met opspraakwekkende gebeure in die Jerusalem gemeente. Die gelowiges wat na die uitstorting van die Heilige Gees in Jerusalem geleef het was almal Jode. ‘n Gedeelte van hulle het Grieks en ‘n ander gedeelte het Hebreeus gepraat. Dit was ‘n wonderlike innoverende en vrygewige gemeente wat in die breër gemeenskap gewild was. Ons bly net hier – Jesus gaan binnekort terugkom.

Maar toe kom verander die toespraak van een van die ouderlinge alles. In Handelinge 7 lees ons hoe Stefanus (deel van die Grieksprekende gemeente), wat die wysheid van die Heilige Gees gehad, het iets ondenkbaar sê: God se genade in Jesus is nie net vir Jode gereserveer nie. Dit was so ontstellend dat sy mede Joodse burgers hom stenig waarna hy sterf.

Ons lees die volgende in Handelinge 8:1-3.
Al die Grieksprekende gelowiges het dus uit Jerusalem gevlug, terwyl die Apostels wat deel was van die Hebreeus sprekendes in Jerusalem agtergebly het. Ons blaai

dan na Handelinge 11 en lees van vers 19-26 (volg die gebeure op die kaart hieronder).



‘n Dekade na die uitstorting van die Heilige Gees het ons twee gemeentes wat beide in Jesus en die Heilige Gees glo maar radikaal van mekaar verskil.

Die gemeente in Jerusalem het met die traumatiese vernietiging van die tempel in die jaar 70 uit die stad gevlug en hierdie prominente gemeente verdwyn uit die geskiedenis boeke. Antiogië word nou die “nuwe Jerusalem” waarvandaan drie van Paulus se sending reise vertrek.

Dit is ‘n totaal nuwe paradigma: Die “mense van die weg” wag nie maar net op die terugkoms van Jesus nie. Hulle is aktief deel van die toekoms. Ons maak nie net sin van die toekoms of onbekende nie, ons gee sin. Dit is wat ons naam beteken: Christene en mense van die weg (Christene is nog vir lank daarna steeds mense van die weg genoem).

Wat moet ons nou doen?

Ons bely saam: Ek glo in ‘n heilige algemene Christelike kerk.

Met hierdie belydenis bevestig ons:

- Die geloof dat ons deel is van ‘n universele kerk (algemene of katolieke) waarbinne ons met ‘n spesifieke gesindheid (heilig) leef. Ons kerk is dus nie deel van die verwagtinge van ‘n klein groep mense nie, maar het alles met die groter geheel waarbinne ons leef te doen.
- Die werk van die Heilige Gees staan nie los van hierdie gebeure (ons huidige gebeure) nie. Hierbinne speel elkeen van ons ‘n belangrike rol.
- Dit is ‘n opwindende tyd want dit is ‘n gemeenskap wat op ‘n baie spesifieke manier met waagmoed in die wêreld leef.

Dit is jammer dat die belydenis “ek glo in die kerk”, vir sommige ‘n verleentheid geword het. Die storie van die gemeenskappe van Jerusalem en Antiogië gee ons egter ‘n besondere perspektief op die realiteite wat in die naam “Christen” ingebou is. Die storie van die eerste Christene vertel van traumatiese gebeure en hoe die eerste gelowiges dit saam met mekaar moes uitwerk. Alhoewel hulle in dieselfde Jesus en Gees geglo het, het hulle verwagtinge daaroor verskil wat selfs tot groot spanning gelei het. Tog het die Gees hulle daardeur gevorm tot ‘n gemeenskap wat geïsoleer was tot ‘n universele beweging.

Pinkster is ‘n tyd waarin ons bid vir herlewing. Ons bid juis dat God se Gees ons in hierdie onseker tyd sal vervorm om nuwe betekenis te gee aan ‘n toekoms wat op ons wag en wat ons nie nou kan sien nie.

GEBED

Here, hoe is dit moontlik dat U in hierdie wêreld so groot is
en tog sien ons U nie raak nie;
dat U altyd Uself op soveel maniere bekend maak, en tog vind ons U nie;
dat so hard na ons roep en tog hoor ons U nie.

Dat U belowe het om altyd deur U Gees by ons te wees
en tog lyk dinge om ons donker?

Ons besef skielik dat die kwessie nie U afwesigheid is nie, maar dat ons sukkel om U aanwesigheid in hierdie nuwe omstandighede te sien.
Help ons dus in hierdie tyd om in geloof as “mense van die weg”.
Mense wat in enige omstandighede saam met U loop en leef.
Help ons om in nuwe roetines en omstandighede ons vreugde te vind.
Help ons om die nodige aanpassings te maak wat nou vir hierdie wêreld en vir my lewe nodig is.

AMEN

More volg ons in Paulus se voetspore na die eerste gelowiges in Filippi

- **Die Jerusalem gemeente**. Die gemeente in Jerusalem waarin Joodse tradisies streng nagevolg. Hulle word “Nasareners” en “mense van die weg” genoem en het die Apostel groep ingesluit (Jakobus, Jesus se broer blyk hier leiding te neem)
- **Die gemeente in Antiogië** waarin Paulus en Barnabas werksaam was en ook mense van ander nasies en kulture ingesluit het en waarna die eerste keer verwys is as ‘Christene’.

Handelinge 15 asook Galasiërs 2:11-13 is deel van ‘n periode van ongeveer 30 jaar waar twee gemeenskappe, wat elk die werklikheid verskillend beleef en definieer saam probeer uitmaak: Waarmee is God mee besig? Wat moet ons nou doen? Wat wag vir ons?
Die gemeente in Jerusalem het met die traumatiese vernietiging van die tempel in die jaar 70 uit die stad gevlug en Antiogië daarna die nuwe basis waarvandaan drie van Paulus se sending reise vertrek. Die verloop van hierdie gebeure laat ‘n mens se kop draai en ‘n mens besef skielik wat die naam “Christen” werklik beteken.

Wat moet ons nou doen?

Ons bely saam: Ek glo in ‘n heilige algemene Christelike kerk.

Met hierdie belydenis bevestig ons:

- Die geloof dat ons deel is van ‘n universele kerk (algemene of katolieke) waarbinne ons met ‘n spesifieke gesindheid (heilig) leef. U is hier in alles by ons.
- Die werk van die Heilige Gees staan nie los van die huidige gebeure in hierdie wêreld nie en ek/ons speel ‘n belangrike rol daarin.
- Dis opwindend want dit is ‘n gemeenskap wat op ‘n baie spesifieke manier met waagmoed in die wêreld leef.
- “Kerk” verleentheid ... ons maak foute en ons verskil oor waarheen die Here met ons op pad is, maar die Heilige Gees wys ons en vat ons in ‘n nuwe toekoms.

GEBED

Here, hoe is dit moontlik dat U in hierdie wêreld so groot is
en tog sien ons U nie raak nie;

dat U altyd Uself op soveel maniere bekend maak, en tog vind ons U nie;
dat so hard na ons roep en tog hoor ons U nie.
Dat U belowe het om altyd deur U Gees by ons te wees
en tog lyk dinge om ons donker?

Ons besef skielik dat die kwessie nie U afwesigheid is nie, maar dat ons sukkel om U aanwesigheid in hierdie nuwe omstandighede te sien.
Help ons dus in hierdie tyd om in geloof as “mense van die weg”.
Mense wat in enige omstandighede saam met U loop en leef.
Help ons om in nuwe roetines en omstandighede ons vreugde te vind.
Help ons om die nodige aanpassings te maak wat nodig is om in wat ons lekken doen sin gee.

AMEN

More volg ons in Paulus se voetspore na die eerste gelowiges in Filippi